Ps. 84: 3, 4. **Die Ou en d. Nuwe Mens.** **Petch. K. 16. 5. 56**

Ges. 89: 2, 3. VI **Beryding v.d. Mag v.d. Ou Mens.**

" 73: 5. Rom. 7: 21 - Rom. 8: 10.

Rom. 8:2 - Want die wet v.d. Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.

Gisteraand dlop gewys dat in elke Xten se lewe daar d. moontlikheid oorbly, dat, ten spyte van sy wedergeboorte, die vlees nog sy lewe kan oorheers en kragteloos maak. Verder gegaan en ~~die~~ sekere tekens genoem wat aandui dat d. vlees besig is om sy heerskappy in ons lewe te herkry:

— Gebrekkighd — Verdeeldheid — Traagheid — Biddeloosheid — Werkloosheid — Kragteloosheid.

Ons kan nog meer genoem het, maar dis genoeg: genoeg om ons te laat besef dat d. vlees, die ou mens altyd weer sal soek om ons lewens onvrugbaar te maak.

Daarmee kom ons af voor die belangrike en allesbeslissende vr. in my geestelike lewe en groei: Sal ek dan nooit vry word, verlos raak v.d. sonde in hd. lewe nie? Moet ek dan verwag om, maar altyd weer terug te val in swakheid en oortreding? Het die Here dan nie in Sy Wd. belowe dat daar 'n volkome verlossing geskenk word nie? Hoe verklaar ons dan die volgende uitsprake:

Matt. 5: 48 - „Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is"

1 Joh. 3: 9 - „Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore."

Rom. 8: 2 - Sien hierbo.

— „waar die Gees v.d. Here is, daar is vryheid"

Hd. en ander ooreenstemmende Bybelwoorde het daartoe gelei dat i/d loop van eeue daar gedagtes-greepe en bewegings ontstaan het wat geleer het dat

reeds in h.d. lewe daar 'n volkome verlossing van sonde kan wees, 'n volmaaktheidslewe gevoer word waarin d. satan geen houvas op d. gelowige meer het nie. Sommige dit ook genoem: „die engelagtige lewe". – soms deur „'n tweede vulling v.d. HG" (second blessing)

Ander groep afop gengs, beklemtoon dat h.d. volkome verlossing reeds hier op aarde verkry word maar dan alleen deur die Sabbat te hou, die groot Doop – as voorvereiste.

(1) Teen al d. gedagtes staan d. Bybelse waarheid dat d. gelowige wel bevry word v.d. mag v.d. vlees, maar nie v. sy teenwoordigheid nie. Soos Israel toe hy Kanaän in besit geneem het nog altyd 'n oorblyfsel v.d. vyandige nasies daarin gehad het. Eers 'n Koning soos Dawid geneem om hulle te oorwen – so Xtus as Koning gekom, d. seun v. Dawid, om d. gelowige te bevry v.d. mag v.d. vlees.

Die Wd. v God waarsku ons dan ook:

① verklaring v Matt. 5:45, 1 Joh. 3:9

② 1 Joh. 1:8-10 – As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself.

③ Fil. 3:12 – Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp omdat ek ook deur X.J. gegryp is.

Tenselfdertyd is d. Bybel vol van d. heerlikste versekeringe dat

④ Andre Hiemels (V 1) som dit pragtig op: „Diegene wat God na sy voorneme roep tot d. gemeenskap van sy Seun, onse H.J.X, en deur d. HG. wederbaar, hulle verlos Hy wel v.d. heerskappy en slawerny v.d. sonde maar Hy verlos hulle in h.d. lewe nie geheel-en-al v.d. vlees en d. liggaam v.d. sonde nie.

⑤ H.K.: Vrae 114 en 115.

Tenselfdertyd is d. Bybel vol v.d. heerlikste toesegginge en versekeringe oor d. bevryding v.d. mag v.d. ou mens:

① Joh. 8:36 – „As d. Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees"

② Gal. 5:1 – „Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het"

③ 2 Petr. 1:3 – „Dat Sy goddelike krag ons alles wat tot d. lewe en die godsvrug dien, geskenk het".

wat presies gebeur nou?

(1) Die Heilige Gees vernuwe ons ou lewe:

„By die ware bekering verlig God nie alleen die verstand kragtiglik deur die H.G. nie .... maar Hy dring ook tot in die binneste dele v.d. mens met die kragtige werking van dies. Gees wat d. wedergeboorte skenk"

(2) Christus kom in ons woon en verbreek so d. mag v.d. vlees: